ENDOSSEMENT NO. 21

BY DIE

GADEVERSEKERINGSPOLIS

AANGEGAAN DEUR

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

(Polisnommer 12650048x7)

Sanlam Lewensversekering Beperk (Registrasienr. 1998/021121/06) verklaar dat die Polis met ingang van 1 Maart 2015 soos volg gewysig word:

Klousule 3.1 word deur die volgende vervang:

"3.1 Voordeel

3.1(1) Indien die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER sterf voor bereiking van ouderdom 70 jaar en voor of op die WERKNEMER se NORMALE AFTREEDATUM, is 'n bedrag gelyk aan een maal die WERKNEMER se jaarlikse BESOLDIGINGSBEDRAG, maar nie meer nie as R8 miljoen betaalbaar, tensy hierdie voordeel verminder is kragtens die vereistes vir bewys van goeie gesondheid soos hieronder uiteengesit.

3.1(2) Indien die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER sterf voor bereiking van ouderdom 70 jaar en na die WERKNEMER se NORMALE AFTREEDATUM, maar voordat die WERKNEMER die ouderdom van 70 jaar bereik, word die sterftevoordeel betaal wat kragtens sub-klousule (1) betaal sou word asof daardie voordeel ook ná die NORMALE AFTREEDATUM van toepassing is."

Onderteken namens Sanlam Lewensversekering Beperk te Bellville op 12 Februarie 2016.

.....

5006/P6579/cs